

**Dinsdag 18 Januarie**

**Skrifgedeelte: Galasiërs 1:1-9; 3:10-14; NGB Artikel 2-7**

**Fokusgedeelte: Galasiërs 1:8**

**Die Woordopenbaring van God is noodsaaklik vir ons saligheid  
én diens**

Die *Anathema* (vervloeking/ban) is iets waarmee die kerk in die geskiedenis optree teen hulle wat leerstellig ander sienings het. Tydens die Konsilie van Trente (1545-1563) het die Rooms-Katolieke Kerk 126 “anathemas” oor die leer van die 16de-eeuse Reformasie uitgespreek.

Dit is ironies dat die Reformasie juis gaan oor die noodsaaklikheid van die Skrif alleen, nie net vir ons saligheid nie, maar óók vir die wyse waarop ons God in die kerk moet dien. NGB Artikel 7: “Aangesien die hele wyse waarop God deur ons gedien moet word, daarin breedvoerig beskrywe word, mag ook niemand, selfs nie die apostels nie, anders leer as wat ons reeds deur die Heilige Skrif geleer word nie – ja, al was dit ook ’n engel uit die hemel, soos die apostel Paulus sê” (Gal. 1:8).

Hoekom is dit vir Paulus so noodsaaklik om by die suiwer Woordopenbaring te hou? Want as jy eers jouself die reg toe-eien om vir die erediens dinge na eie goeddunke tot die Skrif toe te voeg (Rome se sakramenteleer en praktyk), sal jy spoedig ook dinge byvoeg wat die evangelie in gedrang bring (*anathema* oor elkeen wat bely: Geregverdig deur die geloof alleen).

Die evangelie is juis dít: Die MENS, Jesus Christus, met MY VLOEK, hang aan die VLOEKHOUT (Gal. 3:13). In Galasiërs 3:10, 13 gebruik Paulus ’n ander Griekse woord waarmee hy verwys na die mens én die kruishout wat deur God vervloek is. Christus se liefdesdaad aan die kruis van Golgota vra vir liefde van ons kant. “As iemand die Here Jesus Christus nie liefhet nie, laat hom ’n vervloeking wees! Maranáta!” (1 Kor. 16:22). “As iemand My liefhet, sal hy my woord bewaar” (Joh. 14:23).

*Sing: Psalm 119-1:2, 7*

*Ds. SJMS Smit (Faan) (Heidelberg)*